



## South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

### SANS 1288 NIE-STRUKTURELE PALE

Daar was onlangs klagtes in die bedryf oor die behandeling en verkoop van SANS 1288pale in die ope mark, waar verbruikers nie bewus gemaak word van wat 'n SANS 1288paal is nie, i.e. nie-strukturele ongegradeerde paal. Die behandeling van pale is ingesluit in SANS 1288:2000 uitgawe3, na 'n versoek van behandelers vir die behandeling van spesifieke toepassing waar die verbruikersvereiste, bv. vir die vervaardiging van buitemuurse paalmeubels, weens estetiese redes 'n meer natuurlike onsimmetriese voorkoms vereis word. Die bedoeling was nooit vir massageproduseerde SANS 1288pale om vrylik in die mark beskikbaar gestel te word nie. Dit wil egter voorkom of dit die modus operandi is van of 'n paar paalvervaardigingsaanlegte en die enigste logiese verduideliking kommersiële voordeel is, en geen begrip vir verbruikerveiligheid en die toekomstige belang van die bedryf nie.

Die bouregulasies en ander strukturele standaarde is baie duidelik dat indien pale in 'n strukturele lasdraende toepassing gebruik word, dat die pale aan SANS 457-2 of SANS 457-3 sal voldoen. Met die verwagte publikasie van die hersiene SANS 1288:2019 uitgawe4 word daar gehoop dat spesifieke definisies en spesifieke behandelingsvereistes vir strukturele en nie-strukturele pale die praktyk sal laat afneem. Indien nie is daar 'n opsie vir toekomstige wysigings na SANS 1288, waarby die definisie vir nie-strukturele pale verder gewysig kan word om die woorde "nie vir pale wat aan SANS 457 kan voldoen nie" in te sluit. Verder kan daar in aanhangsel A, wat handel oor inligting aan kopers, n vereiste ingesit word dat aankopers moet spesifiseer indien nie-strukturele pale vereis word vir spesifieke toepassings wat nie onder die bestek van SANS 457- paal- toepassings val nie.

### NRVS-HEFFINGS

Die NRVS pas gewoonlik jaarliks hul tariewe aan. Tot dusver is daar nog geen nuwe tariewe bekend gemaak sedert die 2018-tariewe in Desember 2017 gepubliseer is nie. Wat dit beteken, is dat die 2018-tariewe vir die volumeverklaringsperiode 1 Januarie tot 31 Maart 2019 van toepassing is, en van toepassing sal bly totdat gewysigde tariewe gepubliseer word in die staatskoerant. SAWPA sal enige wysigings dan aan lede kommunikeer.

### STATUS VAN NRVS-GOEDKEURINGSBRIEF A.G.V. VERANDERDE VOORWAARDES

Die NRVS het kennis gegee dat enige verandering aan voorwaardes waarop 'n goedkeuringsbrief (LOA) uitgereik is, die goedkeuring ongeldig sal maak. Dit beteken dat indien daar enige sulke verandering sou geskied die houder van die LOA aansoek sal moet indien vir 'n wysiging of uitbreiding op die LOA. Veranderinge sluit in uitbreiding op sertifiseringsooreenkoms deur die insluiting van 'n ander verduursamingsmiddel, proses of H-Klas, sowel as die verandering na 'n nuwe sertifiseringsdiensverskaffer. Indien 'n aanleg van eienaar verwissel en die maatskappy name verander mag dit ook 'n nuwe aansoek vereis. Soos in die verlede kan lede vir SAWPA kontak indien hulle hulp nodig het met die aansoek vir wysiging of uitbreiding van die LOA.

## SAWPA LIDMAATSKAPAANBIEDING ONDERSOEK

Die SAWPA-Uitvoerende komitee het op die 3<sup>de</sup> April vergader en een van die sake wat bespreek is, het gehandel oor of SAWPA as 'n vereniging in voeling is en byhou met die lede se verwagtinge en behoeftes. Om ons te help om dit te bepaal, is daar ooreengekom dat ons ondersoek onder lede sal doen in die vorm van 'n kort vraelys. Die vraelys is tans besig om opgestel te word en sal binnekort aan lede gesirkuleer word. Lede word versoek om deel te neem aan die ondersoek wanneer die vraelys versprei word. Die uitslag van die ondersoek sal help om die Uitvoerende komitee leiding te gee oor hoe om vorentoe te beplan en te bepaal of die lede tevrede is met die aanbieding wat SAWPA aan lede gee, of is daar 'n behoefte om die aanbiedingspakket aan lede verder uit te brei.

## IRG50 QUEBEC CITY, KANADA – 12 TOT 16 MEI 2019



IRG50 vind hierdie jaar plaas in Quebec, Kanada vanaf 13 tot 16 Mei 2019. Bruce sal die konferensie namens SAWPA bywoon en sal reeds op die 11de en 12de die IRG-WP uitvoerende komiteevergaderings bywoon. Weens die sukses van IRG49 wat in 2018 deur SAWPA in Suid-Afrika aangebied is, is ons in 'n posisie om van die opbrengste te gebruik om 'n brons-borgskap ter ondersteuning aan die IRG50-konferensie te bied. Soos gewoonlik sal daar in die volgende nuusbrief verslag gedoen word oor navorsingstukke wat by IRG50 aangebied is. Vir meer inligting oor die IRG50-konferensie kan u die webtuiste <https://irg50.com> besoek.

## NUUSBROKKIES

- SAWPA het onlangs toegetree tot sosiale media met die daarstel van 'n Facebook-blad. Die hoofdoel van die blad is om inligting aangaande houtverduursaming en verduursaamde houtprodukte met die breë verbruikerspubliek te deel. Die blad is nog in die beginstadium en sal met verloop van tyd uitgebrei word. Lede word versoek om die blad te besoek, daarvan te hou, en so wyd as moontlik te deel. <https://www.facebook.com/SAWPA-South-African-Wood-Preservers-Association-804121316426548>
- Lede word herinner dat die veiligheidsetikette steeds beskikbaar is by SAWPA. Kontak vir Judy by [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za) of 011 974 1061 indien u wil bestel. Met die verwagte uitreiking van SANS 10005:2019 Ed 9, word die aanbring van produkveiligheidsmaatreëls binnekort 'n vereiste, en nie net meer 'n aanbeveling soos in die verlede nie.
- Neem kennis dat ons e-posadres verander het. Die hoof e-pos adres is nou [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za) en Bruce se adres is nou [bruce@sawpa.co.za](mailto:bruce@sawpa.co.za).

Groete

**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.